

Mediaverklaring

Gautengse skole kry net 2% van skoolfonds wat hulle kwytsekeld, terug

2018-11-18

Die Gautengse departement van onderwys het vanjaar begroot om net 2% van skoolfonds wat skole kwytgeskeld het, aan hulle terug te betaal. In antwoord op 'n vraag wat die Skoleondersteuningsentrum (SOS) Dinsdag aan die departement gerig het, het die departement gesê hulle het R14, 4 miljoen begroot vir die huidige boekjaar om skole te vergoed vir skoolgeld wat kwytgeskeld is. Gautengse skole het vanjaar ongeveer R630 miljoen se inkomste verbeur weens ouers wat nie kon bekostig om skoolfonds te betaal nie. Die begrote bedrag vir 2018 is boonop 7% meer as die R13 miljoen wat die departement verlede jaar begroot het, terwyl die departement se totale begroting vanjaar met 10,7% toegeneem het.

“Die onderwysdepartement keer doelbewus 'n blinde oog op derduisende leerlinge in kwintiel 4 en 5 skole wat nie skoolfonds kan bekostig nie. Só skuif die verantwoordelikheid vir hierdie leerlinge se skoolopleiding na ouers in die skoolgemeenskap wat wel skoolfonds kan bekostig. Hierdie ouers betaal reeds belasting om basiese onderwys in Suid-Afrika te befonds,” sê Melanie Buys, onderwysspesialis verbonde aan die SOS. Sy sê omdat skole derduisende rande verloor weens kwytsekelding, styg skoolfondse jaarliks met meer as inflasie. “Van die skole in Gauteng se skoolfonds vir volgende jaar het met 10% toegeneem, juis om op te maak vir leerlinge wat dit nie kan bekostig nie. Ouers se salarisse sukkel om by te hou,” sê Buys.

Die Skolewet maak voorsiening vir leerlinge in openbare skole wat nie skoolfonds kan bekostig nie. Volgens wet mag skole wat skoolfonds hef, nie hierdie kinders weier nie. Skole is wel veronderstel om die bedrag wat hulle kwytsekeld, te kan terugeis vanaf die provinsiale departement.

Die SOS verwelkom die Wes-Kaapse departement van onderwys se aankondiging Maandag dat hulle vanjaar R55 miljoen begroot het om openbare skole te vergoed vir skoolgeld wat die afgelope jaar kwytgeskeld is. Dié bedrag is R5 miljoen meer as verlede jaar en genoeg om 97% van die 575 Wes-Kaapse skole wat skoolgeld vra, te vergoed vir die geld wat hulle kwytgeskeld het.

Dr. Danie Brink, hoof van die SOS, sê ook Panyaza Lesufi, LUR van onderwys, stuur 'n duidelike boodskap dat kwintiel 4 en 5 skole self plan moet maak met arm kinders in hul skool.

“Dit is opvoedkundig onverdigbaar. Dit is grotendeels danksy dié skole dat Gauteng die afgelope jare 'n 85% matriekslaagsyfer behaal het. Ouers betaal vir bykomende onderwysers en hulpbronne om gehalte onderwys te verseker, maar die departement bring nie hulle kant om hierdie skole behoorlik te ondersteun nie,” sê Brink.



012 612 0234



admin@skole.co.za



Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

Lesufi beklemtoon in sy begrotingstoespraak vroeër vanjaar, dat 426 Townshipskole tot dusver met slimborde en tablette toegerus is, ten einde skole in staat te stel om inligtingstegnologie deel te maak van leerlinge se leerervaring. “Die SOS stem saam dat dit belangrik is om tegnologie te integreer met onderwys en het self verskeie inisiatiewe in plek om tegnologie in die klaskamer te implementeer. Lesufi verwag egter van skole wat skoolgeld hef, om self hierdie toerusting te finansier, wat verdere druk op begrotings plaas,” sê Buys.



ELAINE KRIGE

Skakelbeampte



012 612 0234



072 599 7354



elaine@skole.co.za



Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

www.skole.co.za



012 612 0234



admin@skole.co.za



Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

www.skole.co.za

